



Is jou besigheid voorbereid om katastrofes die hoof te bied?

Verskeie ernstige probleme kan sake vir Suid-Afrikaanse ondernemings moeilik maak en ekonomiese groei knou. Jong mense gaan ongeag hul vlak van onderrig sukkel om werk te kry en dit kan maatskaplike onrus aanblaas.

Op 24 April 2023 het Pricewaterhouse-Coopers (PwC) sy maatskaplik-ekonomiese vooruitsigte vir Suid-Afrika gepubliseer. Die meganeigings waarop landbou-ondernemings moet let, sluit klimaatsverandering, tegnologiese ontwingting, demografiese skuiwe, sosiale onstabieliteit en 'n afname in globalisering in.

Maatskaplik-ekonomiese kwessies

In Suid-Afrika kan klimaatsverandering druk op voedsel se bekostigbaarheid plaas, werkskepping kan gekortwiek word deur tegnologiese ontwikkelings en die groeiende bevolking is toenemend meer jeugdig met veragtinge om werk te kry.

Daarmee saam moet besighede voorbereid wees daarop dat die beskikbaarheid en pryse van goedere deur ontwingtings in voorsieningkettings beïnvloed kan word. PwC verwag dat die werkloosheidsyfer vanaf 32,7% aan die einde van 2022 tot 37,2% teen 2030 kan toeneem, terwyl ekonomiese groei

tot 0,9% per jaar kan stagneer.

Die jeug gaan ongeag hul vlak van onderrig nie werk kry nie en dit kan Suid-Afrika aan toenemende maatskaplike onrus blootstel. Protesaksies het byvoorbeeld vroeg in 2023 skerp toegeneem weens 'n toename in beurtkrag. Na verwagting gaan kundiges en entrepreneurs toenemend emigreer, wat ekonomiese groei verder gaan knyp.

Bly operasioneel

Volgens die Noordwes-Universiteit se sakeskool het die beleidsonsekerheidsindeks tot 'n rekordvlak van 71,7 in die eerste kwartaal van 2023 gestyg. Die ekonomiese en politieke onsekerheid het sedert die indeks in 2015 ingestel is 'n hoogtepunt bereik het. Rusland se inval in Oekraïne, dubbelsyferinflasie in ontwikkelde ekonomieë, die nagevolge van die covid-19-pandemie, kuberaanvalle en ekstreme weerstoestande dra hiertoe by.

Hoewel 70% van sakeleiers wêreldwyd reken hulle sal die probleme die hoof kan bied, het die ondernemings nie die grondliggende elemente om die probleme suksesvol teen te staan

nie. Laerisikovooralle met 'n hoë impak kom meer gereedelik voor. 'n Voorbeeld is die ontwingting wat die vloedskade aan hawe- en spoorinfrastruktuur in KwaZulu-Natal meegebring het.

In die toekoms sal ondernemings daarop moet konsentreer om voldoende hulpbronne beskikbaar te hê om 'n mate van bedryfskapasiteit onmiddellik te herstel om 'n katastrofe te oorleef, selfs ten koste van topfinansiële resultate.

Bepaal wat nodig gaan wees om sleuteldienste te lewer en hoe lank dit sal duur om dit weer gereed te hê ná 'n katastrofe.

Berei arbeidsmag voor

Dit is moeilik om koste te minimaliseer en produktiwiteit te verhoog omdat nuwe tegnologie ontwingtend, geopolitieke omstandighede meer kompleks en internasionale handelstoestande meer onseker is. Nuwe risiko's en regulasies, en die gejaag om talentvolle personeel met die regte kundigheid te bekom, skep probleme.

Help jou personeel om voorbereid te wees op moontlike katastrofes. Bou hul vertroue in die organisasie deur die skep van goeie verhoudinge. Optimeer jou arbeidsmag se produktiwiteit deur hanteerbare werksladings. Identifiseer die vaardighede wat jou personeel in die toekoms gaan nodig hê en bevorder só hul vertroue in jou leierskap. Begin vroegtydig saamwerk met jou personeel met die deursigtiger beplanning en toepassing van nuwe tegnologie wat poste kan vervang.

Spesifieke oplossings

Die finansiële-aksietaakspan het in Oktober 2022 bevind dat Suid-Afrika se stelsels om

geldwassery en die finansiering van terrorisme te voorkom nie aan internasionale standaarde voldoen nie en die land is 12 maande gegun om dit reg te stel.

Sedert Suid-Afrika op die grys lys geplaas is, het ondernemings ervaar dat buitelandse investering gekanselleer is, buitelandse finansiële instellings se transaksies is strenger geïnspekteer met bykomende administratiewe vereistes en ouditkoste, en aandeelpryse het gedaal.

Suid-Afrikaanse ondernemings sal oplossings moet vind om die wyer impak van die grys lys op hul strategiese planne vir uitbreiding die hoof te bied, hoe om bekostigbare kapitaal onder die nuwe omstandighede te bekom en om die hoër transaksiekoste te bekostig.

Luidens die verslag sal die private sektor 'n toenemende rol moet begin speel om die regering te help om die maatskaplik-ekonomiese kwessies aan te pak. Ondernemings se belastingbydrae tot die staatskas sal toenemend en deursigtig met die publiek gedeel moet kan word om aan te dui wat ondernemings se maatskaplik-ekonomiese impak is en die waarde wat die onderneming tot die gemeenskap bydra.

PwC gebruik byvoorbeeld die nasionale tesourie se fiskale begrotingstoedelings om aan te dui hoeveel die onderneming se belasting bydra om kinders deur die staat se kindervoedingsprogram te voed, finansiering van laekostebehuising moontlik te maak, beddens in hospitale te voorsien en salarisse van dokters, polisiebeamptes en opvoedkundiges te betaal. **LBW**

Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.